trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG 26 OKTOBER 2014

OGGEND 09:00

Die koste van dissipelskap

Teks: Lukas 14:25-33
Oorsig:
Wat ons vanoggend ontdek is dat dissipelskap iets kos. Daar is regte egte moeite en opoffering voor nodig. Jy sien, genade is dalk gratis, maar dissipelskap nie. Wat kan jy verwag om te betaal?

AAND 18:00

Verken dissipelskap

Teks: Verskeie
Oorsig:
Ons gesels verder oor verskillende kante van dissipelskap en ons vra of dit werklik so belangrik is om 'n sleutel te kan wees in ons omkeer. Is jy een sonder dat jy dit weet? Of dink jy dat jy een is, maar is dit eintlik nie? Wat is die gevolge van geen dissipelskap vir 'n groep Christene?

PROGRAM VIR DIE WEEK

Vandag

Ouderlingwerkwinkel 19:00

Dinsdag 28 Oktober

Aandbybelstudie 19:00

Woensdag 29 Oktober

Bybelstudie 09:00

Donderdag 30 Oktober

CIA 18:30

Saterdag 1 November

Gemeente-ontbyt

Gedagte

Die Heilige Skrif kan nie soos 'n tydskrif gelees word nie. Die Bybel is soos 'n myn. 'n Mens moet tydsaam deur die skagte beweeg om die goudare te volg.

(Adolf Schlatter 1852-1938)



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan die volgende lidmate:

- Kobus Bester (0837640063) ontvang twee keer 'n week dialise.
- Dirk Vorster (0169860466) ontvang ook twee keer 'n week dialise, maar dit gaan nie goed met hom nie.
- Dink aan Marthie Pieterse (0825670872) wat met talle gesondheidsprobleme worstel en nie meer eredienste kan bywoon nie.
- Dawid en Bella Botha (0169860355) worstel ook met gesondheidsprobleme.
- Gerhard Vorster (0827228589) gaan Vrydag vir toetse in Cormed.
- Tieka Buitendag (0723787737) moet harttoetse in Johannesburg ondergaan, maar sy is tans op waglys daarvoor.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

26/10	Erwee Lourens (snr)	☎ 0169322474
26/10	Francine Louw	☎ 0824178226
26/10	Alta Muller	☎ 0723587714
26/10	Harry van Rooy	☎ 0828592904
28/10	Chantelle Hitge	☎ 0786252438
29/10	Neels Campher	☎ 0824379977
29/10	Georgia Greeff	☎ 0169824318
29/10	Jannie Nel	☎ 0828541693
29/10	Thys Pieters	☎ 0827017500
29/10	Hannelie van Wyk	☎ 0827007013
30/10	Issie Botes	☎ 0169822370
30/10	Isabel vd Westhuizen	☎ 0844890144
31/10	André Stassen	☎ 0824503052
31/10	Bazil van Wyk	☎ 0824906797
01/11	Chanelle Lourens	☎ 0169822715
01/11	Pieter Louw	☎ 0169824915
01/11	Alta Poolman	☎ 0823717092

Spesiale verjaarsdae:

Geen

Huweliksherdenkings:
26 Okt. Floris en Bokkie Coetzee, 46 jaar
28 Okt. Arno en Kobie van Zyl, 14 jaar
30 Okt. Eddie en Issie Botes, 49 jaar
31 Okt. Pieter en Trudie Hitge, 27 jaar

BYBELSTUDIE
Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstr. 16).

NUWE INTREKKERS
Die diakonie is aan die stuur van die nuwe intrekkers diensgroep. By die hoofdeur van die kerk is 'n boek waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

Gemeente-ontbyt
Saterdag 1 November

Koste: R50/persoon
R30 laerskoolkinders
Onder 6 jaar gratis
Plek: By die kerk
Tyd: 09:30 vir 10:00
Kaartjies beskikbaar by: Dolf 0845066464, Pieter 0848676990 en Theuns 0832561387
Afsnydatum vir kaartjies: 27 Oktober
Almal word hartlik uitgenooi na 'n hierdie heerlike saamkuieroggend!

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of **Die HELPER** se kassie by die hoofingang van die kerk.

VANAF DIE DIAKONIE
Ons vra dat julle asb. die vrymoedigheid moet hê om gebruik te maak van **Die HELPER.** Sien meer inligting verder aan.

TYD VIR KUIER - KUIER - KUIER
Die Diakonie nooi almal hartlik uit om
Vrydagaand 7 November om 18:00
saam met ons in die kerksaal te kom kuier.
Betaal R20 vir volwassenes en R10 per kind en dan eet ons lekker saam.
Bring jou eie drinkgoed saam. Om die aand sommer 'n lekker ontspanne atmosfeer te gee, kom ons trek die kleure van die 'Nuwe Trinitas' aan (blou, geel of groen) daar mag dalk net 'n verrassing wees vir die persoon wat bietjie meer moeite doen. Vir kaartjies kontak Lozanne 0823353539 of Theuns 0832561387
Hoop om almal daar te sien.
Diakonie

LOTUSLANDERS
Die Lotuslanders se jaareindfunksie vind op **11 November** by **Candle in the Wind** plaas om **09:00 vir 09:30**. Ons kry mekaar daar. Almal is hartlik welkom. Meer inligting volg later. Koos Jacobs 0839868135.

ATTESTATE/BEWYSE

Geen

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Bertus
OUDERLINGE AAN DIENS (SOOS OP KALENDER)
26/10/2014 - (A13) Vakant en (A14) Leë wyk
DIAKENS AAN DIENS (SOOS OP KALENDER)
26/10/2014 - Dian Smith
KOSTER AAN DIENS
26/10/2014 - Elsa
02/11/2014 - Theuns

DATABORDDIENS
Word hanteer deur Bertus, Hardus en Gerrit.

KOLLEKTE BY DEURE

(Kollekte onder die erediens: vir Diakonale Kas)
26/10/2014 - Instandhouding van erediens
02/11/2014 - Instandhouding van erediens

TEESKINK
Vanoggend skink Theuns Odendaal se groepie. Sondag 2 November skink Susan van Bemmel se groepie. **Anette van der Walt 0845334548 is die sameroeper van die diensgroep.**

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer van die katkisasielokale. Alle kleuters van 2-6 jaar oud is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerk saam met Louise, kontak haar by 0833022716.

KOSBEHOEFTE
Kruideniersware benodig
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: **(plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis)** (Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)
Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakebeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, toiletseep, koekie Sunlight seep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Vir afsprake kontak die Kerkkantoor by 0169825017. Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

KOEKSISTERS
Baie dankie vir jul ondersteuning. Ons bak weer op 3 Desember. **Groot R17/dosyn, klein R14/dosyn.** Enigeen baie welkom om te kom help bak. Kontak Dolf Jonker 0845066464 of Piet Markram 0848676990.

Die diakonie wil graag hê die gemeente moet die vrymoedigheid hê om gebruik te maak van die Helper. Dit is 'n "diens" wat die diakonie aan die gemeente bied, enige hulp wat jy nodig het van enige aard, kontak asb. die diakonie of los vir ons 'n briefie in die houtkis in die ingangsportaal.

André 084 462 7830 of Lozanne 082 335 3539

GEHOORAPPARATE
Lidmate wat van die gehoorapparate gebruik wil maak, kan dit Sondagoggende by Bertus kry. Kontak hom gerus indien u wil weet hoe die apparate werk, 0834699144.

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit (0711063978) gerig word.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
U kan voortaan op Maandae 'n blanko e-pos stuur na preek@gktrinitas.co.za. (U moet elke keer wat u die preek wil hê so 'n e-pos stuur). Die stelsel sal dan self die preekteks binne 60 sekondes vir u aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Vir meer inligting kontak Hans van Wyk by 0828111990.

4 Gestuur

MADAGASKAR

Hier is u geleentheid om mee te werk aan die uitdra van die Woord in 'n land wat honger is om die blye boodskap te hoor. Naina en Fafa is gelowiges met 'n passie om mense toe te rus om die Bybel reg te lees en te verstaan. In Madagaskar is daar baie nuwe bekeerlinge wat deur vals leerstellings 'n verdraaide kennis van die Woord het.

Hulle het pas teruggekeer na Madagaskar na verdere studies in Kaapstad in die verband en gaan DV 'n Bybelskool in die hoofstad begin. Hulle het ons gebede nodig vir die baie uitdagings wat daar op hulle wag, veral omdat hulle 'n baba ryker geword het terwyl hulle hier in SA was. Ons gemeente wil hulle graag so goed versorg as wat dit vir ons moontlik is en daarvoor het ons u positiewe meelewing in die verband uiters nodig.

Die fonds word deur Aksie Uitreik hanteer om oorbetaling te koördineer. Indien dit vir u moontlik is om addisioneel by te dra sal dit hoog op prys gestel word.

Bankbesonderhede is as volg:

Begunstigde naam:	Aksie Uitreik
My verwysing:	Madagaskar
Bank naam/tak:	ABSA Bank(632005)
Rekno:	9055971748

Kontak Gert Visser 0834491036 vir info.

PIKININI BREIPROJEK

Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan diakonie ook geplaas word).
Kontak Jackie Kleynjan 0833814020.

SHANGRI-LA FONDSINSAMELING

Datum: 22 November
Plek: Quest (ou Iscor-klub)
Koste: R100
Gaskunstenaar: Adam Tas
Kontak: Martie Slump 0836951398
Kaartjies te koop by Theuns.

HERWINNING

Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal sorteer. Moet asb. nie enige plastieksakke bring nie, dit word nie opgelaai nie en lê dan rond. "Asbliksakke" met vullis word nie gesorteer nie, laai slegs herwinbare items af. **As Herwinning jou passie is, is hier 'n geleentheid vir jou: Ons benodig iemand om hierdie bediening te bestuur. Gee gerus jou naam aan die kerkkantoor deur.**

Trinitas CIA Christus in Aksie

Donderdag
30 Oktober
18:30

Trinitas
Kerkgebou

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER/ NOVEMBER

- Vandag - Ouderlingwerkwinkel 19:00
- 30 Okt. CIA 18:30
- 1 Nov. Gemeente-ontbyt

GKSA NUUS

ALMANAK
Skryf jou naam op die lys by die Welkomhoekie indien jy 'n Almanak vir volgende jaar wil bestel. Koste: R65 - betaalbaar met ontvangs.

KRUISPAD
Kruispad is die GKSA se jeugtydskrif. Dit gee toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei lei.
Inskrywingsgeld vir 2014/2015:
R116 (harde kopie)/R85 (elektroniese tydskrif)
Besoek ons webblad by www.kruispad.net.
Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel skryf.

BEROEPE ONTVANG

- Ds Riaan Jansen van Vuuren van Carolina/Hendrina-kombinasie na Bloemfontein-Suid.
- Ds Dinant G. Zwemstra van Bloempark na Boksburg-Suid.

BEROEPE BEDANK

- Ds Gert J. Erasmus van Komatipoort na Phalaborwa.
- Ds Werner van den Heever van Vryheid na Tsumeb.

LEES MEER OOR ..
- FEBA Radio
- Geopende Deure Nuus (lees meer by www.opendoors.org.za)
- Frankfort Riviertoer 3 - 7 Desember
- GKSA Dagboek
- GKSA Pro Ecclesia Studieleningsfonds
- Brief namens Vriende van Cachet - voortbestaan van GK Cachet.
- Eerstejaarskampe: GK Cachet, GK Brooklyn, GK Stellenbosch
- Ds. Malan van Rhyn besoek Suid-Soedan
- Hervormingsfees 26 Okt. (Hervormingsuitgawe)

OP DIE KENNISGEWINGBORD

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faksno : 086 219 5728

Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis:
Nannes vd Walt 0833041841
Bertus Schrap 0834699144

Bankbesonderhede van kerk:
Reknaam: Geref. Kerk
Vanderbijlpark Trinitas ABSA
Tjekrekening 530340449

Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestr. 6, SE2

DIAKONIE VERSLAG

Die Diakonie gee maandeliks 24 **kospakkies** uit :

12 aan Vanderbijl Hoërskool

5 aan Koningskinders gesinne

7 aan gesinne in die gemeente

- Ons gee steeds elke maand ons bydrae aan die **SDDS**
  (die fondse gaan vir diakonieë wat nie vir hulle gemeentes finansieël kan sorg nie)
- Daar is ’n **instansie** in VDBP wat ons maandeliks help met fondse.
- Hulp verleen die afgelope paar maande: drie gesinne met **mediese** onkostes en 1 gesin met **huurgeld.**
- Ons het ook ’n donasie gemaak aan die **Harrismith brandfonds**
- Baie dankie aan die almal wat inbetalings vir die diakonale kas maak, dit word opreg waardeer.

HERFSOORD
HOU BASAAR

Datum: Saterdag
1 November 2014

Tyd: 08H00

Plek: Eike Dienssentrum–
Herfsoord

Kom Geniet

Pannekoek, Koeke, Terte, Konfyte,Pasteitjies, Kerrie-en-rys,
Vetkoek, Pap-en-Wors, Lekkergoed,
Wit olifant tafel, Poeding, Koeldrank, Beskuit, Tee Tuin
en baie meer.....

Koffie & Tee Gratis

Sien Jou Daar



INKOMSTE EN UITGAWESTAAT VIR DIE MAAND SEPTEMBER 2014 EN JAAR TOT OP DATUM VANAF 1 MAART 2014

	MAAND			JAAR TOT OP DATUM		
	WERKLIK	**BEGROOT**	**AFWYKING**	**WERKLIK**	**BEGROOT**	**AFWYKING**
INKOMSTE						
BYDRAES	167411	140959	26452	1054688	986713	67975
DEURKOLLEKTE	3087	869	2218	6286	6083	203
RENTE VERDIEN	11950	8375	3575	117001	71875	45126
TOTALE INKOMSTE	**182448**	**150203**	**32245**	**1177975**	**1064671**	**113304**
UITGAWES						
ALGEMENE WOORDVERKONDIGING	165534	84165	-81369	835227	752220	-83007
EREDIENS- EN KUNSTESPAN	4296	3619	-677	43104	24916	-18188
UITREIKSPAN	1000	1367	367	7000	9569	2569
TOEKOMSSPAN	3662	4046	384	28044	28322	278
TOERUSTING EN OPVOEDING	2198	5273	3075	12091	36911	24820
ADMINISTRASIESPAN	35508	47227	11719	224653	308448	83795
VERSORGINGSPAN	6495	4345	-2150	45465	30415	-15050
LOPENDE KOSTES	**218693**	**150042**	**-68651**	**1195584**	**1190801**	**-4783**
OORSKOT / (TEKORT)	**(36245)**	**161**	**(36406)**	**(17609)**	**(126130)**	**108521**
SPESIALE AKSIES	**NEGATIEWE SYFER BETEKEN GELD BESKIKBAAR**					
STUDIE	-3078	-3061	17	1983	-1427	-3410
AAND MUSIEK	-952	-320	632	0	-2240	-2240
PROJEKTE						
INKOMSTES						
BILTONGAAND	0	0	0	-15490	0	15490
BERADING	0	-2500	-2500	-12500	-17500	-5000
UITGAWES						
KERK DAK	0	0	0	91677	350000	258323
EMIRITERING	0	0	0	202000	202000	0
OORDRAG EN VESTIGINGSKOSTE	-57425	0	57425	152440	115000	-37440
PASTORIE	0	0	0	1468587	1500000	31413

Die finansiespan het veral gekonsentreer op werklike inkomste en uitgawes en dan veral die veranderinge wat plaasgevind het. Die effek daarvan word waargeneem in die werklike tekort. Oorspronklike begroting was ’n tekort van R779 781, emeritering van Ds. van Bemmel en ontvangs van Dr. van Wyk is in berekening met sekere instandhouding. Die werklike tekort September beloop net R437 719 met aanduidings dat dit nie veel meer sal word nie. Die span het ’n veranderde begroting saamgestel, maar die veranderinge was te groot om dit nou by te werk. Daar word beoog om met Oktober 2014 se verslag die veranderde begroting by te werk.